

**Dinsdag 13 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31**

**Fokusgedeelte: Romeine 3:28; HK Sondag 23, Vraag 61**

**Die regverdiging deur die geloof**

Die vorige antwoord (60) het geëindig met die belydenis dat ek alleen deel kan kry aan die regverdiging deur Christus as ek dit met 'n gelowige hart aanneem. Ek moet vas glo dat Christus ook vir my die geregtigheid voor God verwerf het.

Die vraag is nou: Wat het die geloof met dit alles te doen? Paulus sê: “Ons betoog is tog dat die mens vrygespreek word omdat hy glo” (Rom. 3:28). Beteken dit dat ek die genade van God moet verdien deur my geloof?

So moet ons dit nie verstaan nie. Die geregtigheid van Christus is my toegereken deur God en daardeur is ek geregverdig. Dit is nie die geloof wat my regverdig maak nie, maar God alleen op grond van die verdienste deur Christus. Tog kan ek nie deel kry aan die verlossing deur Christus as ek nie glo nie (Rom. 4:9; Heb. 11:6).

In 'n sekere sin het ons hier met dieselfde probleem te doen as met die verband tussen die uitverkiesing van God en die verantwoordelikheid van die mens. Aan die een kant eis God dat ons moet glo soos Paulus en Silas aan die sipier van Filippi gesê het: “Glo in die Here Jesus en jy sal gered word” (Hand. 16:31). Aan die ander kant sê Paulus baie duidelik dat ook die geloof 'n gawe van God is (Ef. 2:8). Aan albei aspekte moet ons vashou as ons sê dat ons deur die geloof geregverdig word.

In die regverdiging deur die geloof gaan dit daarom dat ons deur die geloof die verlossing deur Christus tot ons eiendom moet maak. Dan doen ons dit egter in die besef dat die geloof waarmee ons die verlossing vir ons toe-eien, self ook 'n gawe van God is en daarom geen verdienste van ons kant is nie.

Ons kan dit vir onself makliker maak om die funksie van die geloof by die regverdigmaking te verstaan deur dit soos volg aan te dui:

- Om te glo, is hier nie 'n presterende daad nie, maar 'n ontvangende daad.
- Om te glo, is om te aanvaar wat God in sy genade aan ons gee.
- Om te glo, is om in nederigheid en dankbaarheid vir ons toe te eien wat Christus vir ons verwerf het.
- Om te glo, is om te weet ek word om Christus ontwil deur God vasgehou, gedra en versorg vir hierdie lewe en die lewe hierna.

In al hierdie dinge is daar geen verdienste nie, want ook die geloof is 'n gawe van God (Ef. 2:8). Tog moet ons glo, want alleen as ons glo, word die geregtigheid van Christus ons toegereken en word ons voor God geregverdig (Rom. 3:25-28).